

22 Maart

**Skrifgedeelte: Jeremia 30-31:26
Fokusgedeelte: Jeremia 31:15-21**

Bekering is om insig te verkry, tot inkeer te kom en berou te hê

Wanneer daar na Efraim, die belangrikste stam in Israel, verwys word, word die hele Israel bedoel. Die Here het Israel liefgehad en hulle daarom getugtig, sodat hulle hul tot Hom kon bekeer. In Jer 30:18 en 19 word hierdie bekering mooi vir ons beskrywe. Hulle het insig verkry. Hulle het dus die dwalinge en sonde (ellende) in hulle lewe raakgesien. Hulle het hulself ondersoek en die Woord van die Here onthou. Hulle het die wet van Moses in herinnering geroep en tot inkeer en besinning gekom om hierdie wette van nuuts af weer te onderhou. Hulle het hulself op die heup geslaan, hulself “getugtig met ‘n strenge roede” deur nougeset in die weë van die Here te wandel en berou oor hulle sonde getoon. Soos Sondag 1 van die HK dit eis, het hulle hulle ellende besef, hulle verlossing by God gaan soek en ‘n berouvolle lewe gelei. By hierdie eerste tekens van bekering sê die Here dat Hy Hom oor hulle sal ontferm en hulle lot sal verander. Die tug van die Here het beslis ‘n heilsame uitwerking op sy uitverkore volk. Die Heilige Gees bewerk inkeer en besinning in die mens se lewe en spoor jou aan tot ‘n berouvolle lewe. Jy word skaam oor jou verkeerde dade en deur gebed ontvang jy die vermoë om daarmee te breek. Jy ontwikkel ook ‘n begeerte om van nou af gehoorsaam aan God te lewe.

Sing: Psalm 32:3

Ds DL de Beer (Emeritus)